

**18 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Matteus 1:20**

**Christus se geboorte – 'n wonder of 'n skande?**

Op meer plekke in die Bybel word gepraat van wondergeboortes. Abraham en Sara is onderskeidelik 100 jaar en 90 jaar oud wanneer Isak gebore word: God skep lewe uit 'n verstorwe moederskoot. Johannes die Doper word ook gebore uit 'n gelowige, maar hoogs bejaarde egpaar. Die wonder van hierdie twee geboortes bestaan daarin dat albei langs die gewone en natuurlike weg plaasgevind het, naamlik op grond van die liefde en saamlewe van man en vrou binne die huwelik.

Christus se geboorte is ook 'n wondergeboorte, maar nie op grond van die liefde en saamlewe van getroude ouers nie. Christus se ontvangenis lyk vanuit 'n menslike perspektief na sonde, 'n gebeurtenis wat uitloop op 'n geboorte in skande. Die paartjie is reeds verbind om met mekaar te trou, maar hulle is nog nie getroud nie – nie volgens die wet nie, ook nie volgens die streng sedelike gebruike van die tyd nie.

Begryp ons wat moes leef in Josef se gedagtes? Die beste vir hom, so dink hy, sou wees om sy verlowing met Maria stilweg te verbreek. Geen openbare ophef nie. Hy besluit: ons gaan maar elkeen ons eie paadjie loop. Die skande gaan te groot wees – 'n skeibrief is die beste. Maar Josef sou nie net van Maria skei nie, maar ook van die Kind wat sy verwag. Reeds op hierdie punt kom al iets van die lyde van die komende Verlosser in visier. As Josef van Maria sou skei, distansieer hy hom ook van haar Kind, toe al – nog voor Getsemane, die kruis, die graf.

Dit kos 'n engel uit die hemel om Josef te oortuig om Maria (en die Kind) by hom te neem en te hou, 'n engel wat sê: Moenie vrees nie (of: hou op om te vrees), want wat in Maria verwek is, *kom van die Heilige Gees*.

Christus se geboorte – 'n wonder of 'n skande? 'n Wonder, want net 'n wondergeboorte deur God kon ons red en verlos uit die skande van die sonde. Op Kersdag beskik God 'n wondergeboorte. Hierdie wondergeboorte vra van ons verwondering – Kersfeesverwondering.

*Sing: Skrifberyming 1-4:1, 2, 3, 4*

*Prof CJH Venter (Emeritus)*